
REGLEMENT VIR KERKLIKE GOEDERE VIR DOELEINDES VAN BELASTINGVRYSTELLING

1. **BELASTING INGEVOLGE DIE INKOMSTEBELASTINGWET NR 58 VAN 1962**

Aangesien die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (*die Kerk*) begerig is om van belasting vrygestel te word, onderneem *die Kerk* bestaande uit die gemeentes van die Kerk, asook die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV), gesamentlik geag as 'n vereniging van persone met 'n nie-winsgewende motief hiermee, om ingevolge Artikel 30(4) van die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962 die volgende te bevestig en uit te voer:

1.1 Die *Kerk* is ooreenkomstig sy belydenis soos verwoord in Ordereël 1 'n gemeenskap van gelowiges wat die Woord van God verkondig, die sakramente bedien, en barmhartigheid aan mense bewys. Alle aktiwiteite van die Kerk staan in diens hiervan en vind op 'n nie-winsgewende basis plaas.

1.2 Die aktiwiteite van die *Kerk* word hoofsaaklik bedryf in, en tot voordeel van persone in die Republiek van Suid-Afrika.

1.3 *Die Kerk* wys 5 onverbonde persone om die fidusiêre verantwoordelikheid te aanvaar met die oog op die vrystelling van belasting ingevolge Artikel 30. Vir die doel, en gedagtig aan Ordinansie 9.2.2.2 word die voorsitter en skriba van die Algemene Kerkvergadering, voorsitter van die NHSV-hoofbestuur, die Administrateur en hoofrekenmeester van die Kerk, vir die doel genomineer.

Hierdie persone lewer jaarliks aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Kommissie van die Algemene Diakensvergadering, NHSV-hoofbestuur en die Raad van Finansies, verslag hoe die Wet nagekom is.

Benewens hierdie vyf onverbonde persone op sinodale vlak, wys elke gemeente drie onverbonde persone aan om die fidusiêre verantwoordelikheid van die gemeente met inbegrip van die NHSV tak wat in 'n gemeente mag bestaan, na te kom. Die aanwysing van persone in gemeenteverband geskied met kennisgewing aan die kantoor van die Administrateur. Enige verandering daarna word aan die vermelde kantoor verklaar. Hierdie drie persone wat die fidusiêre verantwoordelikheid aanvaar het, verteenwoordig en lewer verslag aan die toepaslike vergaderings soos bedoel in Ordereël 9 van die Kerkorde.

Niemand sal regstreeks of onregstreeks die besluitnemingsbevoegdheid van *die Kerk* beïnvloed nie.

1.4 Geen fondse sal aan enige persoon uitgekeer word nie, behalwe in die loop van die beoefening van die omskrewe taak van *die Kerk* soos verwoord in 1.1 van

hierdie Reglement. Uitkering in dié sin sluit billike vergoeding aan ampsdraers en amptenare uit.

- 1.5 Die fondse van *die Kerk* word slegs vir *die Kerk* aangewend, of ingevolge Ordinansie 3.3.2 (viii)(f) via die Raad van Finansies belê vir toekomstige aanwending by goedgekeurde finansiële instellings soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Dienste, 1990 (Wet No. 97 van 1990)

- 1.6 *Die Kerk* sal geen besigheid of handelsaktiwiteit bedryf nie behalwe wanneer daartoe gemagtig ooreenkomstig Artikel 30(3)(b)(iv) van die Wet op Inkomste-belasting.

Gemeentes en NHSV-takke is verplig om tydens die jaarlikse oudit alle bronne van inkomste op 'n voorgeskrewe ontledingsvorm te verklaar. Daarnaas moet die fidusiêr verantwoordelike persone sertifiseer dat geen besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit, anders as toegelaat in die vermeldde Wet, onderneem is nie.

- 1.7 By ontbinding van 'n gemeente word gehandel soos beskryf in Ordinansie 4.8 van die Kerkorde. Die NHSV tak in sodanige gemeente neem dieselfde Ordinansie in ag, asook artikel 6.11 van die Konstitusie van die NHSV.

By ontbinding van *die Kerk* sal die oorblywende bates oorgedra word aan 'n ander Kerk/Kerke met dieselfde leertradisie wat die oogmerke soos beskryf in 1.1 van hierdie Reglement nastreef, en goedkeuring ingevolge Artikel 30 van die Wet geniet.

By die ontbinding van die NHSV word met hulle bates gehandel ingevolge paragraaf 7.6.2 van die NHSV Konstitusie.

- 1.8 *Die Kerk*, en enige entiteit daarin word verbied om 'n skenking wat op aandrang van die skenker herroepbaar is, vir redes anders as vir wesentliche versuim om aan die oogmerke en voorwaardes van die bedoelde skenking te voldoen, of as gevolg van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Art 18A, te aanvaar.

'n Skenker mag nie enige voorwaarde stel wat homself, of 'n verbonde persoon met betrekking tot die skenker, in staat kan stel om direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.

- 1.9 *Die Kerk* lê enige wysiging aan die Kerkorde ingevolge Ordereël 10 (met inbegrip van hierdie Reglement) aan die Kommissaris van die Suid Afrikaanse Inkomste-diens voor, om te bepaal of sodanige veranderings die belastingvrystelling van die Kerk beïnvloed.

- 1.10 Geen besoldiging sal aan 'n ampsdraer of enige ander persoon betaal word wat die algemeen aanvaarbare norm oorskry wat redelik in kerk oor die algemeen geag word, en geen persoon sal op enige wyse bevoordeel word op 'n wyse wat nie in ooreenstemming is met *die Kerk* se oogmerke as sodanig, nie.

- 1.11 Die kantoor van die Administrateur is verantwoordelik om die vereiste Inkomste-

belasting opgawes saam met aanvullende dokumentasie vir *die Kerk* by die SAID in te dien.

- 1.12 Indien *die Kerk* 'n ander vereniging van persone (wat een of meer openbare wel-daadsaktiwiteit soos beskryf in die Wet beoefen) met fondse of bates bevoordeel, sal *die Kerk* redelike stappe doen ten einde te verseker dat genoemde voordeel aangewend word vir die doel waarvoor dit voorsien is.
- 1.13 *Die Kerk* registreer as organisasie sonder winsoogmerk by die Direkteur: Organisasies sonder Winsoogmerk, binne die vereiste periode ingevolge Artikel 13(5) van die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet No 71 van 1997).
- 1.14 Indien *die Kerk* of entiteite daarbinne registrasie in terme van Artikel 18A(1)(b)(i) van die Wet sou bekom, sal ten minste 75% van die fondse wat by wyse van skenkings ingevolge hierdie Artikel as aftrekking kwalifiseer, binne 'n periode van twaalf maande vanaf die einde van die finansiële jaar waartydens die skenkings bekom is, uitgekeer word.
- 1.15 Vir die doel van belasting vrystelling van die groep word finansiële resultate van die Raad van Finansies, gemeentes en die NHSV jaarliks na afhandeling van die toepaslike interne en eksterne audit, gekonsolideer.
- 1.16 Daar rus 'n verpligting op almal wat op gesag van hierdie groepsregistrasie belastingvrystelling geniet, om binne die bepalings van hierdie Wet op te tree asof elkeen afsonderlik om belasting vrystelling aansoek gedoen het. ***Indien 'n entiteit binne die groep van die bepalings oortree (byvoorbeeld hoër as toegelate besigheidsinkomste) moet die entiteit die Administrateurskantoor dienooreenkomstig verwittig).***
- 1.17 Toesig met betrekking tot die nakoming van die vereistes vir belastingvrystelling berus ingevolge Ordinansie 9.2.2 by die Raad van Finansies. Die Raad sal alle redelike stappe neem om te verseker dat die tersaaklike vereistes binne die groepsregistrasie nagekom word wat van tyd tot tyd deur die Wet voorgeskryf mag word. Die vyf aangewese fidusiër verantwoordelike persone maak enige optrede binne die Kerk wat van die Wet afwyk bekend aan die toepaslike vergaderings soos beskryf in paragraaf 1.3 van hierdie reglement. Gepaste stappe word geneem om die afwykings reg te stel aan die hand van die Kerkorde.
- 1.18 Gemeentes wat handels- of besigheidsaktiwiteite bedryf wat nie aan die uitsonderingsbepaling van Artikel 30 voldoen nie, sal verplig wees om sodanige

aktiwiteite te staak, of alternatiewelik as belasting betalende entiteit te registreer, ***na oorlegpleging met die Administrateurskantoor ingevolge paragraaf 1.16 hierbo.***

Benewens die statutêre bepalings aangaande boekhouding en ander finansiële bepalings wat op die ondernemingsvorm van toepassing is, bestaan daar ook die verpligting om finansiële dokumente, met inbegrip van finansiële state, by die Afdeling Interne Oudit in te dien, sodat sodanige inligting ingesluit kan word in

die verslae aan die Algemene Kerkvergadering, asook aan ander toepaslike vergaderings.

- 1.19 Wysigings aan hierdie Reglement met betrekking tot enige Wetswysigings hierin bedoel, geskied deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in oorleg met die Raad van Finansies.

--- oOo ---